



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

NOVEMBER 2008

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

FINALE MEMORANDUM SOOS GOEDGEKEUR DEUR:

NAAM	HOEDANIGHEID	HANDTEKENING
Mev. Martie Venter	Eksterne Moderator	
Prof. Attie Coetser	Eksterne Moderator	
Dr. Jaco Swanepoel	Interne Moderator	

DATUM: 15 / 11 / 2008

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

- Geen penalisering vir **spel- en taalfoute** nie.
- Die kandidaat se antwoorde moet volgens die instruksies by elke vraag beantwoord word.
- Die kandidaat se antwoord moet 'n sinvolle antwoord in Afrikaans wees. Indien 'n woord van 'n ander taal in 'n antwoord gebruik word, skryf 'n hoofletter **E**(Engels)/**Z**(Zoeloe)/**S**(Sepedi) boaan die woord. Druk die word toe; indien die woord nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, is die antwoord korrek.
- Waar die antwoord in meer as een sin aangebied word, maar tog tot die antwoord lei, is dit korrek.
- Indien twee of meer feite vereis word, word slegs die eerste twee of meer feite in volgorde nagesien.
- Indien die vraag spesifiseer dat die antwoord aangehaal moet word, moet aanhalingsstekens gebruik word en die korrekte woord(e) aangehaal word. Geen penalisering indien die antwoord 'n direkte aanhaling is nie. Geen penalisering indien 'n antwoord tussen aanhalingsstekens geskryf is nie.
- Indien die vraag EEN WOORD vra en die woord is uitgelig (onderstreep/tussen aanhalings, ens.) word die punt toegeken.
- Waar (Ja)/Onwaar(Nee/Vals/Nie) vrae:
eerste deel korrek en motivering verkeerd/motivering ontbreek (1)
eerste deel verkeerd en motivering verkeerd (0)
eerste deel verkeerd/ontbreek en motivering korrek (0)

VRAAG 1: ARTIKEL – Die Karoo se karretjiemense

- | | | |
|-----|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 1.1 | nomadies(e) (EEN WOORD) | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 Onwaar [As tydelike toegewing: Nee/Vals/Nie/Fals = ✓] | (1) |
| | 1.2.2 "trekpad"/"getrek"/"trekpad"/"getrek" (EEN WOORD)
(MOET AANHALINGSTEKENS HÊ OM DIE PUNT TE VERDIEN) | (1) |
| 1.3 | (hulle trek gewoonlik in) (klein) groepe van 4/vier/of 5/vyf donkiekarre
(klein groepe/groepies = by implikasie in die vraag = 0) | (1) |
| 1.4 | <u>ou manier van bly:</u> eers het hulle onder sinkplate en houtpale op hul karretjie geslaap/onder die sterre/op die trekpad/tydelike verblyf gehad/nomadies/trek van plek tot plek (1) | |
| | <u>nuwe manier van bly:</u> nou bly hulle in 'n huisie van sink, stene en dagha ('n permanente struktuur)/hulle trek nou nie meer nie/hulle bly deesdae permanent op Swartkop (1) | |
| | (LW: 'n Toegewing – ken 1 punt toe indien die antwoord eensydig gestel is.
Beide aspekte moet aangedui word vir 2 punte.) | (2) |
| 1.5 | C/met permanente blyplek. (Kan beide skryf.) | (1) |

- 1.6 D/die karretjiemense word al hoe minder. (Kan beide skryf.) (1)
- 1.7 meen/“meen” (EEN WOORD) (1)
- 1.8 **verstedeliking**/trek **stad/township** toe/hulle is die prooi van ontwikkeling/prooi van ontwikkeling
(‘n Omskrywing van **verstedeliking** is aanvaarbaar) (1)
- 1.9 prooi/nog (EEN WOORD)
(verdwyn = 0) (1)
- 1.10 1.10.1 Enige sinvolle, aanvaarbare, geloofwaardige antwoord = **wat?** (1) (1)
- 1.10.2 Enige sinvolle, aanvaarbare, geloofwaardige antwoord = **hoe?**
(Nie **hoekom** nie!) (1) (1)

Skei die 2 antwoorde. Antwoorde moet verband hou met mekaar.
Kultuur omvat alles wat mense doen; hulle gebruikte en tradisies.
Tradisionele terme in al elf amptelike tale word aanvaar
(bv. *Lobola*). [13]

VRAAG 2: BRIEF AAN 'N TYDSKRIF – Sy bederf my aand

- 2.1 matriekafskeid/matriekdans (1)
- 2.2 C/Hulle het vas uitgegaan. (Kan beide skryf.) (1)
- 2.3 • **hy was bekomerd, want:** sy metgesel/die meisie het (deur die loop van die aand/vroeg) **verdwyn/geloop/weggeraak**
• **hy was bekomerd, want:** sy het **verdwyn en** hy is geleer dat hy verantwoordelik is vir sy meisie tot hy haar huis toe neem
(Enige EEN)
(..., want ek is geleer dat ek vir my meisie maat verantwoordelik is ... = 0) (1)
- 2.4 2.4.1 figuurlik (1) (1)
- 2.4.2 Sy het hom aanhoudend (sonder ophou) gepla/lastig geval/was lastig/hom verpes/was 'n pes/gekarring/daagliks gevra/by hom geneul/aangehou vra. (= frekwensie) (EEN SIN) (1) (1)
- 2.4.3 negatiewe (gevoel)/negatief/nie positief nie (1) (1)
- 2.5 goeie maniere/integriteit/verantwoordelike gedrag tel meer as bloot 'n mooi gesiggetjie/persoonlikheid is die belangrik(ste)/skoonheid is nie die belangrikste nie/die innerlike is belangrik
(EIE WOORDE)

(Enige sinvolle respons wat begrip toon vir die idiom: Skoonheid vergaan, maar deug bly staan. = in die **laaste** paragraaf) (Jy moet iemand eers leer ken = 0) (1)

[7]

VRAAG 3: ADVERTENSIE – Cool! Cooler! Hoezit!

- 3.1 A/laerskoolleerders.
B/hoërskoolleerders.
(Enige EEN) (1)
- 3.2 **daar is iets vir almal**/dis 'n cool tydskrif/daar is opvoedkundige leesstof in/
daar is prettige leesstof in/dit is 'n kleurvolle tydskrif/dis interessant
(Enige sinvolle antwoord: let op sinonieme.) (1)
- 3.3 • e-pos (e-mail = 0)
• sms
• bel/skakel/telefoneer (foon = 0)
(Enige TWEE)
- (Die vraag lui: Noem TWEE **maniere** ... ; dus word slegs die gee van 'n posadres/kontaknommers nie aanvaar nie.) (2)
- 3.4 ATKV/Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (1)
- 3.5 vriend (1)
- 3.6 • hierdie tydskrif is die beste/coolste/koelste/wonderlikste/beter as al die ander (goed/oulik/koolste/interessant = 0)
• dit is 'n in-ding om hierdie tydskrif te koop (= interpretasie)
(Enige EEN) (1)
- 3.7 • Motiveer (Ja/Positief): Dit is die taal van jongmense en dus geregtig./Die gebruik is geregtig omdat dit 'n kindertydskrif is.
• Kritiseer (Nee/Negatief): Dis 'n Afrikaanse tydskrif vir jongmense en ons versterk net die meng van tale./Dis 'n tydskrif van 'n Afrikaanse kultuurvereniging en Engelse woorde is onvanpas.
(Of soortgelyk in EEN SIN.)
- (Lees kandidate se antwoorde **deeglik**: hulle moet **duidelik standpunt inneem**. Die nasioner moet nie nog vra nie: Wat sê die kandidaat eintlik?) (1)
[8]

VRAAG 4: VISUELE GELETTERDHEID – Advertensie

- hart sterker/gesonder maak/beskerm/nie sal kan seermaak nie (2)
 - hart sterker (2)
 - hart gesonder (2)
 - Kupido sal nie die hart kan affekteer (positief/negatief) nie, want die pille maak die hart sterk. (2)
- (Enige EEN) [2]

TOTAAL AFDELING A: **30**

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 5: ADVERTENSIE – Reg vir jou rug.****■ Enige SEWE van die volgende feite:**

- **Verstel die bande voor(-dat) jy die sak op jou rug sit.**
- Moenie elke dag al jou **boeke inpak** nie./Pak net die **nodige boeke** in.
- **Versprei die gewig eweredig.**/Pak **swaar items** (onder en) teen jou rug./Pak die boeke in die regte posisies./Haal die gewig van jou skouers af.
- Koop 'n rugsak met 'n **heupgordel**.
- **Skouerbande** moet breed en/of opgestop wees.
- Gebruik **albei (skouer-)bande**./Moenie net een skouerband gebruik nie./Moenie jou tas skeef dra nie.
- Jou rugsak moenie **meer as vyftien persent meer as jy weeg** nie./Jou rugsak moet **nie te veel (swaar) weeg** nie.
- Die rugsak moenie **onder jou middellyf hang** nie./Gebruik die heupgordel reg./Die posisie van die sak op jou rug is belangrik.

■ ASSESSERING**TWEE STELLE ANTWOORDE AANGEBIED**

- Onderskei tussen beplanning en finale antwoord en sien laasgenoemde na.
- Waar daar geen aanduiding van beplanning is nie, word die eerste stel nagesien.
- Beskou 'n aanbieding in potlood as beplanning.

FEITE

- Assesseer net EEN feit per sin.
- 1 punt vir elke verstaanbare feit.
- As die betekenis van die feit nie sinvol oorgedra word nie, word die punt nie toegeken nie.
(Die aanwesigheid van die werkwoord is belangrik.)
- Indien al die feite verkeerd is, kry die kandidaat geen punt vir taal nie, maar indien die getal woorde nogtans korrek aangedui is, ken 1 punt toe.
- Die hoofgedagtes hoef nie in die regte volgorde te wees nie.
- **Tydelike toegewing:** Indien die opsomming in paragraafvorm aangebied word, word die eerste sewe sinne nagesien.

TAAL

- Lees die hele opsomming en onderstreep die taalfoute in elke korrekte sin.
- Ken die taalpunte só toe:
 - 'n maksimum van 2 punte vir taalgebruik (onderstreep)
 - 1-3 tipes taalfoute: 2 punte
 - 4-6 tipes taalfoute: 1 punt
 - meer as 6 tipes taalfoute: nul

TIPIESE TAALFOUTE

- | | |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <ul style="list-style-type: none"> - Woordorde in enkelvoudige sin
(Bv. O/werp + ww. + V/werp) - Woordorde in saamgestelde sinne
(Voegwoord 1, 2 en 3) - Omgekeerde woordorde - Lydende vorm - Infinitief | <ul style="list-style-type: none"> - Tyd, wyse, plek - Ontkennende vorm - Voornaamwoorde - Vreemde woorde - Direkte vertaling
(moedertaalinvloed) - Telegramstyl/Onvoltooide sinne |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

■ LENGTE

- Tel die woorde en haal enige deel meer as 70 woorde deur.
- 1 punt vir die **korrekte getal** woorde gebruik **en** so aangedui.

■ NEERSKRYF VAN PUNTE

- Onderaan die opsomming: **$7 + 2 + 1 = 10$**

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**VRAAG 6: WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet van nommer 6.1 – 6.20 korrek wees.
- Antwoorde moet nie net semanties nie, maar ook **sintakties** inpas.
- Toegewing vir 2008: antwoorde kan met hoofletters aangebied word, behalwe nr. 6.20

6.1	wêreldleier	homofone	1
6.2	wildpark/wildtuin/(wild)reservaat/natuurreservaat	woordeskat: een woord vir	1
6.3	uitdagende	attributiewe b.nw.	1
6.4	bemarkers	woordeskat: een woord vir persoonsnaam	1
6.5	stampvol/propvol	intensieve vorm	1
6.6	buitelandse/oorsese/uitlandse	antoniem	1
6.7	van	voorsetsel	1
6.8	c/baie geld uitgee	woordkeuse: idioom	1
6.9	hulp	afleiding d.m.v. verandering van klinker.	1
6.10	aparte	attributiewe b.nw.	1
6.11	uitsonderlik/besonders/spesiaal/eiesoortig/ buitengewoon/weergaloos/ongeëwenaar(d)	sinoniem	1
6.12	verlede	verwarrende woorde	1
6.13	eerste	afleiding: agtervoegsel om rangtelwoord te vorm	1
6.14	hulle	voornaamwoord	1
6.15	grenspossie	verkleiningsvorm	1
6.16	oorbly	spelling	1
6.17	makliker	b.nw.: vergrotende trap	1
6.18	nege-en-twintig/nege en twintig	getal uitskryf	1
6.19	voertuie	meervoudsvorm	1
6.20	km (kleinletters; geen punte nie)	afkorting	1

[20]

VRAAG 6: SINSTRUKTURE

- Sinstrukture moet **grammatikaal korrek** wees.
- Spelfoute word nie gepenaliseer nie.
- **Let op die bepaling vir punktuasie in vraagnommer 6.21, 6.22, 6.23 en 6.31.**

6.21	Ma's sê altyd dat hulle (1) gesonde kos wil inpak/in pak. (1) (in wil pak = 0)	Direkte rede > indirekte rede: ww. (wil inpak) skuif na die einde van sin; pers. vnw. ons > hulle. Penaliseer met 1 punt as aanhalingsstekens behou is.	2
6.22	Indien die kos heerlik lyk , (1) sal die kinders dit/die kos eet. (1)	Verbind sinne met vgw. 3: ww. van sin 1 skuif na einde van sin 1; komma tussen twee hulpww. Sin 2 begin met hulpww. As die komma weggelaat word, kry die kandidaat nie die eerste punt nie.	2

6.23	Watter (1) boek sal enige ma help? (1) OF Wie se boek sal enige ma help? (1) OF Wat sal enige ma help? (1)	Stelsin > vraagsin met vraagwoord(e) en moet 'n vraagteken hê om die punt te verdien. Indien die vraagteken weggelaat word, kry die kandidaat nie die punt nie.	1
6.24	Daar is idees om die sportman se kosblik/dit te vul) met kos (te vul) wat hope energie verskaf, (te vul).	Infinitief: om ... te + ww.	1
6.25	Sandra het vir 'n paar jaar baie hard by die Suid-Afrikaanse lugdiens gewerk.	Bepalings van tyd, wyse en plek: volgorde moet korrek wees om punt te verdien.	1
6.26	Sy het baie ervaring opgedoen en daarom het sy besluit dat dit tyd was om 'n boek te skryf. OF Sy het baie ervaring opgedoen en daarom het sy besluit dit was tyd om 'n boek te skryf.	Vgw. 2 verbind twee sinne; dus hulpww. uit sin 2 direk na vgw. en voltooi die hoofsin met ww.	1
6.27	Sandra se eerste wenk vir ma's is dat hulle nooit/nie altyd (1) dieselfde kos moet inpak nie (1).	Ontkennende vorm: nooit/nie altyd (1) ... nie (1) aan die einde van die sin.	2
6.28	Tieners wil ontwerperskos eet wat (die) ander tieners groen (sal) (maak) van jaloesie (sal) (maak).	Betrekklike vnw. wat as vgw. 3 verbind sinne. Ww. skuif na die einde van die sin voor of na die voorsetselgroep.	1
6.29	Tieners behoort altyd genoeg water te drink .	Infinitief: behoort ... te + ww.	1
6.30	Kinders moet met 'n lekkerny bederf word (deur julle). OF Kinders moet (deur julle) met 'n lekkerny (deur julle) bederf word . OF Kinders moet bederf word met 'n lekkerny. (Die hele sin moet korrek wees om 'n punt te verdien.)	Lydende vorm teenwoordige tyd: sin begin met voorwerp, moet ... bederf > moet ... bederf word en deur plus onderwerp is opsioneel.	1
6.31	Sandra sê: " Ek (1) sit (op spesiale dae) 'n kort boodskappie (op spesiale dae) in die kosblik (in) (op spesiale dae)." (1) OF Sandra sê: "Op spesiale dae sit ek (1) 'n kort boodskappie in die kosblik (in)." (1)	Indirekte > direkte rede met ww. wat direk na onderwerp en vnw. sy > ek. (Penaliseer nie indien aanhalings-tekens weggelaat is nie: dit is in die vraestel getik.)	2
6.32	Baie ma's het (al) komplimente (gekry) met Sandra se ontwerperskos vir tieners (gekry). OF Gister het baie ma's komplimente (gekry) met Sandra se ontwerperskos vir tieners (gekry).	Teenwoordige tyd > verlede tyd.	1

VRAAG 7: KRITIESE TAALBEWUSTHEID – STROKIESPRENT

- Penaliseer nie vir spel- en taalfoute nie.

7.1	<p>Ben: aggressief/ongeskik/ontsteld/ spreek die bouers as julle aan. (1)</p> <p>Verwer: hoflik/kalm/spreek Ben as meneer/u aan. (1)</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Ook: Ben/Die een/Die persoon is aggressief (1); die verwer/die ander een/persoon is nie (1).</p> <p>(En soortgelyk vir die ander beskrywings.)</p> <p>(LW: 'n Toegewing – ken 1 punt toe indien die antwoord eensydig gestel is. Die verskil/vergelyking moes aangedui gewees het.)</p>	Identifiseer gevoels-, en manipulerende taal.	2
7.2	<p>Ben beskuldig (alle) bouers/n bouer van:</p> <ul style="list-style-type: none"> • gierigheid • swak vakmanskap • skelm wees • oneerlikheid <p>(Enige EEN)</p> <p>(Hy praat van al die bouers./Hy skeer almal oor dieselfde kam. = 0. Die tipe stereotipering is nie gekwalifiseer nie.)</p>	Identifiseer stereotipering.	1
7.3	<ul style="list-style-type: none"> • 'n buitensporige prys • te veel/baie geld word gevra <p>(Enige EEN)</p>	AS 2: Gebruik 'n wye verskeidenheid figuurlike taal soos idiome gepas. AS 3: Verduidelik konnotasie.	1

[4]

TOTAAL AFDELING C: 40**GROOTTOTAAL: 80**